

'n
GOETE DAG
VIR
BOOMKLIM

JACO JACOBS

'n Gids

saamgestel deur G.M. Jansen van Rensburg

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoud

1. Ontmoet die skrywer	4
2. Inleidende aktiwiteite	4
3. Opsommings en vrae oor die inhoud	5
4. Literêre aspekte	40
5. Antwoorde	45

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel.: (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: G.M. Jansen van Rensburg 2017

Geset in 10 op 12,5 pt Arial

Grafiese uitleg deur Full Circle

Hierdie teks mag vir opvoedkundige doeleindes gratis versprei en gekopieer word.
Geen gedeelte van hierdie teks mag egter vir kommersiële doeleindes aangewend
word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

1. Ontmoet die skrywer

Jaco Jacobs is op 'n Karoodorpie, Carnarvon, gebore en het daar grootgeword. Hy het al op skool aan skryfkompetisies begin deelneem. In matriek was hy hoofseun van die Hoërskool Carnarvon en het hy ook begin om vir tydskrifte soos *Sarie* verhale te skryf.

Ná skool het hy aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer. In 2001, terwyl hy nog op universiteit was, het sy eerste kinderboek, *Troetelgedrog*, verskyn.

Jaco se boeke het al talle pryse gewen. 'n *Goeie dag vir boomklim* is met die kykNET/Rapport-boekprys in die filmkategorie bekroon. Dit was ook een van die drie wenboeke in die internasionale In Other Words-vertaalprojek, en 'n oorsese uitgewery het die vertaalregte bekom om dit wêreldwyd in Engels te publiseer.

Jaco skryf ook kortverhale, rubrieke en tydskrifartikels, en het al meer as 250 boeke in Afrikaans vertaal. Twee van sy boeke is reeds verfilm – *Suurleroen!* (2014) en *Nul is nie niks nie* (2017). Laasgenoemde flik is gegrond op sy boek *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word*. Die filmregte vir 'n *Goeie dag vir boomklim* is onlangs deur M-Net bekom.

Jaco woon in Bloemfontein saam met sy vrou, Elize, sy dogtertjies, Mia en Emma, drie honde, 'n kat en 'n troetel-luislang.

2. Inleidende aktiwiteite

Die titel

Die titel van die roman verwys na 'n gesegde van die hoofkarakter, Marnus, se pa, maar dui ook op een van die newekarakters, Leila, se gunsteling-aktiwiteit toe sy jonger was. Die titel word deeglik ontgin en die leser ervaar die klim van 'n boom vanuit verskeie perspektiewe. Die titel kry ook mettertyd figuurlike betekenis.

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die **titel en die flapteks**:

1. Watter soort dag sou jy as 'n geskikte dag vir boomklim beskou? Motiveer jou antwoord.
2. In watter soort boom sou jy graag wou klim? Motiveer jou antwoord.

3. Waarom klim kinders so graag boom?
4. Hoe hou die tipografie van die flapteks verband met die titel (boomklim)?
5. Waarom is sommige woorde van die flapteks in vetdruk?
6. Watter inligting oor die hoofkarakter kry die voornemende leser in die flapteks?
7. Watter redes word verskaf vir Marnus se siening van homself as 'n "middelmanne"??
8. Sal jy die boek wil lees na aanleiding van die inligting in die flapteks? Motiveer jou antwoord.

3. Opsommings en vrae oor die inhoud (pre-lees en post-lees)

HOOFSTUK 1:

Skottelgoed (Bl. 5-12)

Woordelys

op jou tande kners: 'n krassende geluid maak deur die tande op mekaar te skuur, veral as teken van woede

doofus: sleng vir iemand wat dom, dwaas en onbevoeg is

die kuns vervolmaak: heeltemal bemeester

pecking order (pikorde, rangorde, hiërargie)

berading: hulpverlening, terapie

onwettig: ontoelaatbaar, in stryd met die wet

opleidingskursus: reeks lesse volgens 'n leerplan

geen benul: geen begrip

medepligtige: iemand wat opsetlik behulpsaam is by die pleeg van

onwettighede

skakering: nuanse, tint

veronderstel: as waar aanvaar

voetstoots: soos dit voor die voete lê, met alle sigbare en

onsigbare gebreke

ondergang: drastiese agteruitgang

petisie: versoekskrif aan 'n owerheid, klagskrif
stotter: met horte en stote praat

Pre-lees

Sibbe

- Het jy broers en/of susters?
- Waar pas jy in?
- Hoe verskil jul geaardhede? Het dit 'n uitwerking op jul verhouding?
- Hoe kom julle almal met mekaar oor die weg?
- Word een van julle dalk afgeknou? Sê wie, deur wie en waarom.
- Hoe handhaaf jy jouself in gesinsverband?

Petisie

- Waarvoor sal jy graag 'n petisie wil opstel? Gee redes vir jou antwoord.
- Hoe sal jy te werk gaan om steun vir jou saak te kry?
- Wat sal jy doen om jou teikengroep sover te kry om jou petisie te teken?

Opsomming

Marnus en sy gesin is nie soos gewoonlik vir die Desember vakansie see toe nie. Marnus en sy twee broers, Donovan en Adrian, bly bedags tuis en maak beurte om die kombuis op te ruim. Hul pa is by sy sportwinkel en hul advokaat-ma is by die hof.

Vir Marnus voel dit of sy lewe suig, want naas sy eie pligte moet hy ook nog Adrian s'n waarneem in ruil vir sakgeld. Marnus het reeds sy sakgeld bestee deur 'n tweedehandse PSP by Adrian te koop. Adrian reël ook afsprake vir Donovan om soenlesse vir meisies aan te bied en sodoende sy geldmaaskemas uit te brei. Dit is Marnus se taak om die deurklokkie te beantwoord en saam met die meisies te wag totdat Donovan hulle na die swembadlapa toe neem.

Wanneer die deurklokkie weer lui, is dit egter nie 'n kandidaat vir soenlesse nie, maar 'n meisie wat Marnus probeer oortuig om haar petisie te teken. Toe Marnus huiwer, nooi die meisie, genaamd Leila, hom om self te kom kyk waaroor die petisie gaan. Hy volg haar met vadoek en al by die voorhekkie uit.

Post-lees: Vrae

1. Kies die antwoord wat die onderstaande sin die beste sal voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, byvoorbeeld 1. B. Wanneer Marnus op sy tande kners is dit om sy ... uit te druk. (1)
A irritasie
B pyn
C vasberadenheid
D woede
2. Donovan is 'n kranige swemmer. Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê Ja of Nee en motiveer jou antwoord. (1)
3. Hoe benut Donovan sy posisie in die pikorde (pecking order) om Marnus te na te kom? (2)
4. "In ons geval bestaan die normale pecking order nie meer nie." (bl. 6)
4.1 Na wie verwys "ons"?
4.2 Gee die rede vir hierdie omgekeerde pikorde. (2)
5. Verduidelik hoe
5.1 Adrian se geldmaaskemas en
5.2 Donovan se behepthed met sy voorkoms tot hul nadeel gestrek het. (2)
6. Wat leer Adrian uit sy ouers se beroepe? (2)
7. "Donovan het in 'n meisiemagneet ontpop."
7.1 Benoem die beeldspraak in die aanhaling.
7.2 Gee 'n motivering waarom dié beeldspraak as geslaagd beskou sal kan word. (2)
8. Haal 'n vergelyking op bl. 8 aan om te bewys dat Donovan al baie meisies gehad het. (1)
9. Haal telkens drie opeenvolgende woorde aan wat bewys dat
9.1 die seuns se ma 'n advokaat is en dat
9.2 hul pa se sportwinkel in finansiële nood is. (2)
10. Waarom is Marnus nie geneë om Leila se petisie te teken nie? (1)

Verryking

Doen navorsing oor die herkoms van die woord "pikorde" (Engels: *pecking order*) en skryf dan drie paragrawe waarin die volgende kortliks bespreek word:

- Hoe die woord sy ontstaan gekry het.

- Hoe die woord op mense en diere van toepassing is.
- Hoe die pikorde in jou gesin/familie daar uitsien.

HOOFSTUK 2:

Die boom (BL. 13-20)

Woordelys

bedreigde spesie: 'n spesie wat in gevaar van uitwissing verkeer

kroontjies: hare wat min of meer in 'n kringetjie groei, meestal bo-op die kop

middelmannetjie: middelkind, ook die rif in die middel van 'n uitgeryde tweespoorpad

knipbord: bord waarop papiere met 'n knip vasgehou word

Die Boom in die Middel van die Heelal: In sekere gelowe en filosofieë is die axis mundi die middelpunt van die wêreld; die verbinding tussen hemel en aarde waar die vier kompasrigtings ontmoet. Hierdie middelpunt word op verskeie maniere uitgebeeld, onder andere deur 'n boom. Dit word dikwels ook met die Boom van die Lewe verbind.

munisipaliteit: besturende liggaam van 'n stad of dorp

spoedhobbels: 'n bultjie wat in 'n pad aangebring word om spoed te verminder

snotkop: iemand wat niks weet nie, snuiter

slawedrywer: toesighouer oor slawe, hardvotige werkgewer

douvoordag: baie vroeg in die môre, voor sonop

oogwink: 'n oomblik

Pre-lees:

Die middelkind

- Is dit moeilik om 'n middelkind te wees? Gee redes vir jou antwoord.
- Word die middelkind dikwels nie raakgesien nie? Waarom nie?
- Het jy dalk eerstehandse ervaring van middelkind wees? Vertel daarvan.

Impulsiwiteit

- Is jy geneig om impulsief op te tree of oordink jy alles mooi voordat jy optree?
- Het jy of iemand na aan jou al in 'n oogwink iets impulsiefs gedoen?
- Wat het jy/hy/sy gedoen?
- Wat het aanleiding daartoe gegee?
- Het dit jou/sy/haar lewe verander? Hoe?
- Was jy/hy/sy agterna spyt? Gee redes.

Boomklim

- Het jy graag boomgeklim toe jy klein was? Waarom?
- Het iemand jou leer klim of het jy net self begin klim?
- Het jy 'n gunsteling-boom gehad? Watter soort boom was dit? Waarom was daardie boom die lekkerste om in te klim?
- Watter voordele hou boomklim vir kinders in?
- Is daar gevare verbonde aan boomklim? Gee redes.
- Watter wenke sou jy vir kinders gee om veilig boom te klim?

Opsomming

Marnus stap drie blokke verder saam met Leila tot by die parkie. Daar wys Leila vir hom die Boom in die Middel van die Heelal – 'n witkaree waarin sy leer boomklim het. Die munisipaliteit wil die boom afsaag omdat dit in die pad van 'n nuwe pyleiding gaan wees. Leila wil die boom beskerm, daarom het sy haar petisie opgestel. Terwyl hulle daar staan, kom twee mans van die munisipaliteit daar aan. Leila wys dadelik haar petisie, maar die mans sê dit is te laat. Sonder om twee keer te dink, klouter Leila in die boom op en maak haar op 'n tak tuis. In 'n oogwink doen Marnus iets uitdagends: Hy klim agterna.

Post-lees: Vrae

1. Benoem die beeldspraak in die volgende sin: "Die boom staan stil en effens treurig in die vroegoggendhitte." (bl. 13) (1)
2. Waarom is 'n witkaree 'n goeie keuse om in 'n tuin te plant? Gee twee redes. (2)
3. Met watter woorde wil Leila vir Marnus sê dat die witkaree 'n baie belangrike boom is? (1)

4. Dink jy Leila wil die boom beskerm omdat sy 'n ernstige natuurbewaarder is? Motiveer jou antwoord. (1)
5. 5.1. Teen watter instansie wil Leila die boom beskerm?
5.2. Wat beplan hierdie instansie?
6. Watter inligting aktiveer Leila om dadelik in die boom te klim en op 'n tak te gaan sit? (1)
7. Sou jy soos Leila optree in hierdie geval? Motiveer jou antwoord. (1)
8. "Maak nie saak wat gebeur nie, ek verdwyn altyd iewers tussen my twee broers. Altyd iewers in die middel, waar niemand my raaksien nie." (bl.19)
Gee twee redes waarom Marnus rede het om so te voel. (2)

Verryking

Tekening of skildery

Maak een van die volgende tekeninge of skilderye:

- Die witkareeboom
- Die Boom in die Middel van die Heelal
- Jou gunsteling-boom

Dagboekinskrywing

Maak Marnus se dagboekinskrywing vir die dag waarop hy sy rapport ontvang het. Onthou, Marnus ervaar baie negatiewe emosies omdat hy geen erkenning kry nie.

Idiome

Skryf vyf idiome oor bome en hul betekenis neer.

Gebruik een van die idiome as titel vir 'n opstel.

Hier is 'n paar **idiome oor bome** uit ander lande:

- 'n Boom beweeg nie, tensy daar daar wind is. (Afghanistan)
- Hou 'n groen boom in jou hart en dalk kom daar 'n sangvoël. (China)
- Hoewel 'n boom baie hoog kan groei, keer die vallende blare altyd terug na sy wortels. (Maleisië)
- 'n Boom wat gevel word, maak meer geraas as 'n hele bos/woud wat groei. (Nederland)
- Geduld is 'n boom waarvan die wortels bitter is, maar die vrugte soet smaak. (Persië)

HOOFSTUK 3:

'n Tannie in pienk (bl. 21-25)

en

HOOFSTUK 4:

Rolbalspelers (bl. 26-30)

Woordelys

kettingsaag: elektriese saag met ketting, meestal gebruik om bome mee af te saag

vaagweg: nie duidelik nie

tuur: skerp, met inspanning kyk

eksentriek: onkonvensioneel, anders as die gewone, wat afwyk van die bestaande patrone

stywelip: hooghartig, snobisties

kollegas: mense wat saam met jou werk, ampsgenote

grinnik: grynslag, spotlag

rolbal: balspel wat op 'n grasperk gespeel word

keelskraap: keelgeluid, keel skoonmaak

wankelig: onvas

traangas: 'n chemiese stof wat, vermeng met lug, die oë irriteer en laat traan

rubberkoeëls: koeëls van rubber gemaak en gebruik as afskrikmiddel tydens onluste

oortreder: iemand wat nie reëls en wette nakom nie

onwettig: in stryd met die wet

Quiksilver: gewilde klerehandelsmerk

knyperhande: hande wat soos knypers lyk

caretaker: opsigter, toesighouer

Pre-lees

Eksentrieke mense

- Die woord "eksentriek" is afgelei van die Latynse woord "eccentricus" en die Grieks "ekkentros" wat buite die middelpunt

beteken. In 1685 het die definisie ook 'n figuurlike betekenis gekry toe dit gebruik is om vreemde of onkonvensionele gedrag te beskryf.

- In kunskring tref 'n mens dikwels eksentrieke individue aan. Gesels oor eksentrieke kunstenaars, musici, skrywers ens. van wie jy al geleer/gehoor het.
- Watter eksentrieke persoon ken jy?
- Waarom sal jy hom/haar as eksentriek beskryf? Is dit sy/haar voorkoms en/of optrede wat vreemd is?
- Steur dié persoon hom/haar aan die samelewing se opinies/uitsprake oor hom/haar?
- Sou jy self eksentriek wil wees? Gee redes vir jou antwoord.

Opsomming

Daar daag nog twee bakkies van die munisipaliteit op, met mans, kettingsaie en ander gereedskap. Hulle wag vir Marnus en Leila om uit die boom te klim.


Marnus dink onwillekeurig aan sy pa se woorde op dae wanneer hy moedeloos voel: "Ja-nee, vandag is weer 'n goeie dag vir boomklim."

Die eksentrieke mevrou Merriman en haar twee poedels verskyn op die toneel. Marnus ken haar, want sy kom gereeld by hul huis aan om te vra vir bydraes vir die DBV. Sy wil weet wat aangaan en die rooigesig-man, meneer Venter, verduidelik van die boom en die kinders wat nie wil uitklim nie. Die mans word genadiglik teruggeroep kantoor toe, maar waarsku dat hulle gaan terugkom.

Marnus het dringend 'n badkamer nodig en Leila stel voor dat hy na die rolbalbaan oorkant die parkie gaan. Marnus glip skelm in, maar word voorgekeer deur 'n ouer man, John Carelse, die opsigter van die plek. So word Marnus genoodsaak om vir die opsigter van hom, Leila en die boom te vertel. Die opsigter weet presies van watter boom Marnus praat en stap saam met hom terug om Leila te ontmoet.

Post-lees: Vrae

1. Voltooi onderstaande blokkiesraaisel:



LEIDRADE

Dwars

1. Hiervoor moet die kareeboom plek maak.
2. Die kleur van meneer Venter se gesig.
3. Hierdie mevrou bring haar poedels parkie toe.
4. Hierdie woord is afgelei van die Griese woord "ekkentros".
5. Die poedel-vrou se gunsteling-kleur.
6. Die uwe.

Af

3. 'n Sinoniem vir Leila se petisie.
4. 'n Boomsoort wat van Europa af kom.
6. Die witkareeboom is deel van hierdie stelsel.
7. Dit definieer Donovan se liggaamsbou.

HOOFSTUK 5:

Op 'n eiland (bl. 31-40)

Woordelys

beleefd: met goeie maniere

distrik: area, gebied

Distrik Ses: woongebied in Kaapstad

stootskraper: swaar soort skraper/padmakerswerktuig met rusperaandrywing om ongelyke oppervlak gelyk te stoot

sambok: kort, dik slaanding van gevlegte leer, handsweep

aanstalles maak: met iets begin

toernooi: reeks sportwedstryde

raaiskoot: gissing, aanname

neurie: binnemonds sing

leidraad: rigsnoer, hulpmiddel om 'n vraagstuk/geheim op te los

gestrand: vassit

stootwaentjie: kinderwaentjie

oorweeg: beredeneer, nadink oor

uit die voete maak: weghardloop, vlug

mismoedig: neerslagtig, terneergedruk

takkantoor: afdeling van 'n groot onderneming

rekordboeke: boeke waarin topprestasies aangetoon word

skouers optrek: teken van twyfel of onverskilligheid

grondwetlike reg: reg wat in die grondwet omskryf is

grondwet: wet wat onder alle omstandighede geldend is, staatswet

Pre-lees

Blokraaie

Baie mense is verslaaf aan blokkiesraaisels, daarom verskyn daar feitlik in alle tydskrifte een of meer daarvan.

Gesels oor die voor- en nadele van blokraaie.

Speletjies

Het julle soms speletjies in die motor gespeel om die langpad om te kry?

Vertel daarvan.

8. Dit word gebruik om bome mee af te saag.
9. Die kinders in die boom sit daarop.
10. *Rhus pendulina* is hierdie soort karee.
11. Dit is wat Marnus glo hy begaan deur onwettig in die boom te sit. (afkorting)
12. Marnus dink Leila _____ (sinoniem vir "vertrou") in hom.
13. John Carelse is die rolbalbaan se _____ter.

2. Waarmee assosieer Marnus die reuk van die boom? (1)
3. Wanneer sê mens vir iemand om in 'n boom te gaan klim? (1)
4. Wat bedoel Marnus se pa wanneer hy op sekere dae sê dat dit 'n goeie dag vir boomklim is? (1)
5. Waaraan kan die moedeloosheid van Marnus se pa moontlik toegeskryf word? (1)
6. Mevrouw Merriman samel geld in vir die DBV en sien ook om na Leila en Marnus se behoeftes. Watter karaktertrek van mevrou Merriman kom hierin na vore? (1)
7. Hoekom sal Marnus se broers jaloers wees as daar 'n konfrontasie tussen hom en die polisie is? (1)
8. Hoe word Marnus deur sy ma se werk as advokaat beïnvloed? (1)
9. John Carelse word met 'n Lego-mannetjie vergelyk. Dink jy die vergelyking is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

Verryking

Dialogo en rolspel

Meneer Venter (Rooigesig) keer onverrichter sake terug en moet aan die munisipale bestuurder gaan verduidelik waarom die witkaree nie afgesaag is nie. Skryf die gesprek tussen die twee mans in dialoogvorm en rolspel dit dan in die klas.

Debat

Debatteer die volgende stelling: Stadsuitbreiding is 'n proses waarin alle bome uitgeroei word en die strate agterna na die bome vernoem word.

Dink jy ouers en kinders doen dit vandag nog? Gee redes vir jou antwoord.

Distrik Ses

- Waar is dit geleë?
- Waar kom die naam vandaan?
- Wie het daar gewoon?
- Vanaf 1968 en gedurende die sewentigerjare is die gebied ontruim. Deur wie en waarom?
- Waarheen is die inwoners verskuif? Wat word hierdie soort verhuising genoem?
- In 2004 het van die vorige inwoners begin terugkeer. Wie het dit bewerkstellig?
- Weet jy van die Distrik Ses-museum? Het jy dit dalk al besoek? Vertel meer daarvan.
- Het jy al van die volgende werke oor Distrik Ses gehoor?
 - David Kramer en Taliep Peterson se musiekblyspel genaamd *Distrik Ses*.
 - Rosena Maart se boek getiteld *Rosa's District Six*.
 - Tatamkhulu Afrika se gedig "Nothing's changed".

Opsomming

Die rolbalbaan-opsigter vergesel Marnus terug na die parkie waar hy mevrou Merriman ontmoet. Net soos mevrou Merriman dink die opsigter ook dat die witkaree 'n baie mooi boom is. Hy dink dit behoort eintlik vir "altyd te wees". Baie ander dinge, onder andere Distrik Ses, waar die opsigter grootgeword het, en die huise wat daar platgestoot is, behoort vir altyd te wees.

Donovan kom daar aan met 'n boodskap van hul ma: Marnus moet huis toe kom. Maar hierdie keer verset hy hom en weier. Leila tree toe tot die gesprek en stel Marnus se ma (met behulp van Donovan se selfoon) op taktvolle wyse gerus en sê hulle is besig met 'n protesaksie. Sy dink dit is hul grondwetlike reg.

Post-lees: Vrae

1. Waarna verwys die titel van hierdie hoofstuk? (1)
2. Op watter manier is die titel ook van toepassing op Marnus en Leila? (1)

3. Met watter uitspraak gee die opsigter te kenne dat hy vir Leila en Marnus ondersteun? (1)
4. Kies die woord wat NIE pas NIE. (1)
Wanneer die opsigter praat van dinge wat vir altyd moet wees, dink hy aan ...
A stootskrapers.
B die witkaree.
C Distrik Ses.
D sy ouerhuis.
5. Watter ooreenkoms is daar tussen Marnus en Leila se huidige optrede en dié van die opsigter se broer en sy maats in die sewentigerjare? (1)
6. Hoe, dink jy, het die opsigter se broer en ouers gevoel toe die stootskrapers gekom het? (1)
7. Waarmee verwyl mevrou Merriman die tyd daar onder die boom? (1)

Verryking

Probeer om die volgende **gedigte** in die hande te kry en lees dit:

- "Onafgewerk" – Willie Adams
- "Kruispad" – Willie Adams
- "Distrik nul" – M. Titus
- Enige ander gedig/te wat handel oor gedwonge verhuising.

Jou eie gedig

Verwerk die verhaalgegewens oor Distrik Ses (bl. 32 en 33 en as jy wil ook op bl. 89) tot 'n gedig. Gee jou gedig 'n paslike titel.

Hou 'n **paneelbespreking** oor oom John se uitspraak: "n Boom soos dié behoort vir altyd te wees."

Die paneel kan bestaan uit onder andere 'n bosbouer, 'n boomkapper, 'n boomkenner, 'n amptenaar van die Departement van Bosbou, 'n meubelmaker, 'n boekdrukker, uitgewer en skrywer.

HOOFSTUK 6:

'n Kringetjie kerse (bl. 41-48)

en

HOOFSTUK 7:

Naggeluide (bl. 49-53)

Woordelys

ligament: bindspier

geërf: uit 'n nalatenskap verkry

aandster: die planeet Venus wanneer dit saans in die weste sigbaar is

die spit afbyt: die slegste daarvan afkom

huiwerig: aarselend

verleë: beskroomd, skamerig

deurvleg: deurkronkel

prosedure: manier waarop iets verrig word, handelwyse

skuiwergat: uitweg, ekskuus

afpers: dreig, dwing

afhanklik: wat hulp benodig

skaakmat: 'n posisie waarin daar geen uitweg is nie, vasgevang

buurt: omgewing, deel van 'n bewoonde gebied

humeur verloor: kwaad word

die stryd verloor: die geveg verloor

verbeelding: geestelike voorstelling, fantasie

ritsel: saggies ruis

'n gesteun: kreungeluide

gulsige: vraatsige

die skrik op die lyf jaag: bang maak

koue rillings: bewerasie

kriewel: vroetel

sonskerm: skadudak, sonkap

nagsluiper: iemand wat ongemerk in die nag rondloop

hangmat: mat van toue wat hang en dien as rusplek

proteïen: eiwitstof

mensvreter: kannibaal

Pre-lees

Onder die sterre

- Sien jy kans om 'n nag in 'n parkie deur te bring? Gee redes vir jou antwoord.
- Het jy al 'n nag buite deurgebring? Waar was jy?
- Hoekom was jy buite?
- Was jy alleen?
- Was jy bang?
- Hoe het dit verloop?

Opsomming

Marnus en Leila se eerste dag in die boom kom tot 'n einde. Marnus dink daaraan hoe sy pa hom, op aandrang van sy ma, daardie dag uit die boom wou kry. Danksy mevrou Merriman wat vir die kinders in die bres getree het, is die plofbare situasie kalm gehanteer.

Leila se ma daag op en bied aan om die nag saam met die kinders deur te bring. Leila-hulle se huis is naby en haar ma gaan haal gou kos, komberse en kerse. Dit word vir Marnus duidelik dat Leila en haar ma nie veel vir mekaar te sê het nie en dat hul leefwyse baie van sy gesin s'n verskil.

Marnus skaam hom vir 'n tweede keer daardie dag toe sy ma hom kom beveel om uit die boom te klim. Marnus hou voet by stuk en weier weer. Hy gebruik sy ma se argumente om sy optrede te regverdig en sy ma moet onverrichter sake terugkeer.

Marnus en Leila maak beurte om af te klim en op die kombers te gaan lê en slaap. Gedurende die nag hoor hulle geluide; iets of iemand het hul kosmandjie geplunder. Almal bly dus liewer bo in die boom. Die skerp lig van 'n flits bring gemoedsrus: Die opsigter kom kyk of alles in orde is.

Post-lees

1. Hoe verskil mevrou Merriman se uiterlike (voorkoms) van haar innerlike (inherente krag)? (2)
2. Marnus se pa sien die sitty in die boom as kinderagtig. Hoe verskil mevrou Merriman se siening daarvan? (2)
3. Watter teorie het Marnus oor sy pa se bakleiery met die rugbyspelers op televisie? (1)

4. Marnus en Leila se ma's verskil baie. Voltooi die volgende tabel om dit te bewys.

	Leila se ma	Marnus se ma
Kleredrag		
Hare		
Stem		

(6)

- Hoe verdedig Marnus sy en Leila se optrede met een van sy ma se eie argumente? (1)
- Marnus wys sy ma daarop dat niemand hom tuis ooit raaksien nie. Wat is haar reaksie? (1)
- Leila merk op dat Marnus en sy ma "nogal baie dieselfde is". Watter ooreenkomste is daar? (2)
- Watter atmosfeer word geskep met die gebruik van woorde soos "n gesteun", "ritsel", "stikdonkerte", "gil" en sinne soos: "Ek haal skaars asem."? (1)
- Stem jy saam met die volgende stelling?
Marnus se ma gebruik haar stem as afskrikmiddel.
Motiveer jou antwoord. (1)
- Beskryf jou ma/pa se stem. (1)
- Hoe sal jou ma/pa optree as hulle weet jy gaan die nag in 'n boom in 'n parkie deurbring? Motiveer jou antwoord. (1)

Verryking

Jy is gestrand op 'n eiland en het net drie dinge by jou: 'n koerant, 'n stuk tou en 'n blok sjokolade.

Skryf 'n **paragraaf** waarin jy verduidelik hoe jy bogenoemde items sal gebruik om te oorleef.

HOOFSTUK 8:

Geen kommentaar (bl. 54-60)

en

HOOFSTUK 9:

Weggooigoed (bl. 61-70)

Woordelys

kommentaar: opmerking, kritiek

slaapkous: iemand wat baie slaap

stadion: sportterrein met ooplopende rye sitplekke daaromheen

vermomming: kamoeflering

sneakers: seilskoene

'n storie doen: 'n berig skryf

eksklusief: uitsluitlik, alleenlik

sin in hulle koppe praat: hulle insig en begrip laat kry

skakelbeampte: reklamebeampte

hawelose: sonder 'n tuiste

selfbewus: verleë

agterdogtig: wantrouig

aas: kos soek

paaierend: gerusstellend

verslind: gulsig opeet

rehabilitasiesentrum: plek/oord waar mense herstel, onder andere van verslawings

smalend: minagtend

skouspelagtig: besonders, asemrowend

gehipnotiseer: kortstondig magteloos wees om uit eie wil te handel

siddering: bewing, trilling

Pre-lees

Die jeug van vandag

- Ouer mense, soos meneer Venter (Rooigesig), spreek hulle dikwels uit oor vandag se jeug en hul ouers.

- Is hulle meestal positief of negatief? Gee redes vir jou antwoord.
- Watter soort aannames maak hulle gewoonlik; waarom kla hulle?
- Op grond waarvan word hul uitsprake gemaak?
- Dink jy ouer mense is ingelig genoeg om kritiek te lewer oor die jeug?
- Hoe loop die ouers deur?
- Dink jy ouers is verantwoordelik vir hul kinders se gedrag? Gee redes vir jou antwoord.
- Hoe sal jy graag deur ouer mense behandel wil word?
- Hoe kan ouer mense beter ingelig word om vandag se kinders te verstaan?

Bome voel pyn wanneer hulle afgesaag/afgekap word.

- Waarheid of mite?
- Gee jou mening.

Opsomming

Marnus word onder die boom wakker en verwelkom, net soos Leila en haar ma, die koffie en beskuit wat oom John bring. Marnus vra uit oor oom John se werk en vind uit dat oom John se oorlede vrou 'n provisiële rolbalspeler was.

'n Joernalis, Junior du Toit, sluit by hulle aan. Hy wil 'n berig oor Leila en Marnus vir sy koerant skryf. Marnus vermoed dat Adrian die koerant 'n wenk gegee het.

Die munisipale werkers, meneer Venter en sy assistent, volg kort op die joernalis se hakke en lig almal in dat die boom nog daardie selfde dag moet val. Hulle weier om met die verslaggewer te praat en waarsku die kinders dat hulle te ver gaan met die boomstorie.

Soos te wagte, kom maak mevrou Merriman en haar poedels hulle ook weer daar tuis. Sy merk dadelik hondespore naby die boom op en so word die geheim van die nagtelike besoeker opgelos. Sy haal toebroodjies uit haar pienk sak en lok die hawelose dier en haar kleintjies daarmee nader. Mevrou Merriman belowe om nog daardie selfde dag by die Dierebeskerminingsvereniging (DBV) om hulp te gaan aanklop. Almal is verbaas om te hoor hoe mevrou Merriman haar dwelmverslaafde seun met die weggooihonde vergelyk. Mevrou Merriman se treurige verhaal het Leila in tranes.

Marnus se broers bring vir hom sy badkamersakkie en berei hom voor op sy ma se woede.

Net toe Marnus vir die eerste keer behoorlik na die witkareeboom kyk, kom spanne munisipale werkers met hul toerusting daar aan. Tot Marnus en Leila se ontsteltenis word die soetdoringboom daar voor hul oë afgesaag.

Post-lees: Vrae

1. Wie wil volgens die titel van hoofstuk 8 nie kommentaar lewer nie? (1)
2. Waarop wil die persoon nie kommentaar lewer nie? (1)
3. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter van die antwoord neer, byvoorbeeld 3A. (1)
Marnus glo Adrian het die koerant gebel vir (1)
A sensasie.
B vergelding.
C eie gewin.
D eiegeregtigheid.
4. Dink jy oom John is bang vir die dood? Motiveer jou antwoord. (1)
5. Waarom is dit ironies dat meneer Venter (Rooigesig) dink Leila se ma en Junior du Toit is daar om sin in die kinders se koppe te praat? (1)
6. Is daar enige rede om meegevoel met meneer Venter te hê? Motiveer jou antwoord. (1)
7. Waaraan skryf meneer Venter Marnus en Leila se gedrag toe? (1)
8. Waarom vergelyk mevrou Merriman haar seun met 'n weggooihond? (1)
9. Het mevrou Merriman al moed opgegee dat sy haar seun weer sal sien? Motiveer jou antwoord. (1)
10. Dink jy mevrou Merriman se dwelmverslaafde seun is selfsugtig? Motiveer jou antwoord. (1)
11. Hoe vergoed mevrou Merriman vir al haar verliese? (1)
12. Marnus kyk met nuwe oë na die witkareeboom.
12.1 Wat sien Marnus nou alles raak? (1)
12.2 Haal twee opeenvolgende woorde op bl. 69 aan wat daarop dui dat Donovan geen waardering vir die boom het nie. (1)
13. Watter gevoel skep die beskrywing van die boom wat afgesaag word by die leser? (1)

Verryking

Hou die volgende **paneelbespreking**: Die invloed van dwelmmisbruik op die res van die gesin.

Die paneel kan bestaan uit verskeie mense wat met dwelmverslaafdes te doen het, byvoorbeeld 'n sielkundige/psigiater, 'n berader, 'n broer/suster en een van die ouers van die verslaafde, 'n polisieman, 'n gerehabiliteerde dwelmslaaf, ens.

Dit is die aand waarop mevrou Merriman die weggooihonde in die parkie gewaar het. Hulle het haar aan haar weggooiseun laat dink. Sy besluit om vir hom 'n **brief** te skryf, al weet sy hy gaan dit nooit kry nie. Plaas jouself in mevrou Merriman se plek en skryf die brief waarin jy jou hart uitstort.

Skryf Junior du Toit se **berig** oor Leila en Marnus vir jou **koerant**.

HOOFSTUK 10:

Milly (bl. 71-72)

en

HOOFSTUK 11:

Groen (bl. 73-81)

Woordelys

kalmeerpilletjie: pilletjie wat jou laat bedaar, tot rus bring

bedwelmdede: benewelde

gekwyl: speeksel wat by die mond/bek uitloop

flardes: stukke

nugter maag: vroeg in die oggend nog voordat jy geëet het

fasciste: aanhangers van die fascisme, 'n antiparlementêre staatstelsel waar die mag by 'n diktator berus

betoo: protesteer

plaaslike: lokale

skynbaar: blykbaar

steier: agteruit wankel

omsingel: omkring, omsluit

slierterige hare: haartoue

slagspreuk: kort, treffende sin vir reklame

spektakel: lawaaierige optrede, deurmekaarspul

Pre-lees

In ons land is **betogings** feitlik 'n daaglikse verskynsel. Dikwels ruk hierdie betogings ook handuit en raak gewelddadig of loop uit op 'n bloedbad.

- Het jy al aan 'n betoging deelgeneem? Vertel daarvan en sê ook of dit geslaagd was al dan nie.
- Waarom betoog mense?
- Waar betoog hulle?
- Hoe betoog hulle?
- Is daar gevare verbonde aan betogings?
- Wat is die voor- en nadele verbonde aan betogings?
- Waarin lê die sukses al dan nie van betogings?

Het jy/jou maat/skool al **die nuus** gehaal? Waarom?

- Wie het die onderhoud gevoer?
- Was die berig vergesel van 'n foto?
- Was die beriggewing korrek?
- Hoe het jy/julle gevoel toe jy/julle die koerantberig en foto gesien het?
- Wat was die reaksie/kommentaar van vriende en familie?

Opsomming

Dit is Marnus en Leila se tweede nag in die boom. Voordat Marnus aan die slaap raak, kry hy terugflitse van die dag se gebeure: Leila het besluit om die rondloperhond "Milly" te noem; die hond en haar kleintjies is DBV toe en Marnus se ma het swyend vir hom 'n paar benodighede gebring.

Vroeg die volgende oggend word Marnus-hulle begroet deur 'n groep betogende studente. Hulle plakkate en dreunsang wys dat hulle ook die boom wil red.

Munisipale werkers kom saag die afgekapte soetdoring op en laai dit op hul lorry. Een van die studente dra 'n lang gedig voor wat

handel oor vernietiging. Die lawaai lok mense in die omgewing om te kom kyk wat aangaan en kommentaar te lewer. Junior du Toit is ook weer op die toneel met die belofte van 'n opvolgberig.

Leila en Marnus laat blyk dat hulle nog vasberade is om voort te gaan met hul protesaksie.

Post-les: Vrae

1. Waaruit kan afgelei word dat Marnus se ma aanvaar dat hy nie van plan is om huis toe te kom nie? Noem twee redes. (2)
2. Hoe voel Marnus wanneer Leila sy goedkeuring vra vir die weggooihond se naam? (1)
3. Waarmee assosieer jy hoofstuk 11 se titel, "Groen"? (1)
4. Waarom is die fascisme-plakkaat onvanpas? (1)
5. Killer se naam en stem dui iets van haar karakter aan. Sê wat dit is.
6. Wie neem die finale besluit dat die boom wel afgesaag moet word? (1)
7. Die tweede koerantberig se opskrif is: "Jong vriende wil boom se bas red."
 - 7.1 Wat is die letterlike en
 - 7.2 figuurlike betekenis van hierdie opskrif? (2)
8. "Ek is seker ek lyk 'n oomblik lank soos die dertienjarige weergawe van Rooigesig." (bl. 78)

Waarom vergelyk Marnus homself met meneer Venter? (1)
9. Die meisie wat voordra, verwys in haar gedig na "'n boom wat bloei". Watter twee betekenis kan haar verwysing hê? (2)
10. Hoe dra die studente daartoe by dat meer mense bewus word van die boom? (1)
11. "Leila, is jy moeg vir die boomding?"
 - 11.1 Hoe interpreteer Leila hierdie vraag? (1)
 - 11.2 Wat bedoel Marnus eintlik met dié vraag? (1)
12. Die berig oor Marnus en Leila is op die voorblad van die koerant. Watter berigte word gewoonlik op die voorblad geplaas? (1)
13. Voltooi die volgende kolom deur antwoorde vir Kolom A in Kolom B te vind. Skryf elke keer net die nommer in kolom A en die korrekte antwoord langsaan neer.

Kolom A: Wie ...	Kolom B
13.1 het in trane uitgebars toe sy die afgekapte soetdoring sien?	A Killer
13.2 het die naam "Milly" gekry?	B Rooigesig
13.3 bring die koerant vir Leila en Marnus?	C Mevrouw Merriman
13.4 is die leier van die betogende studente?	D Die weggooihond
13.5 word deur die betogende studente omsingel?	E Die opsigter

(5)

Verryking

Skryf 'n **brief aan die koerant** waarin jy jou mening uitspreek oor Marnus en Leila se protesaksie.

HOOFSTUK 12:

Stry (bl. 82-90)

en

HOOFSTUK 13:

Die hart van 'n boom (bl. 91-95)

Woordelys

ekspert: ervare, kundige persoon

uitpeul: uitbol

luidrugtig: lawaaierig

barbaars: onbeskaafd

afkeurend: afwysend

beslissings: konklusies, uitsprake

verskoning: verduideliking, regverdiging

passievolle: gevoelvolle

tekere gaan: 'n lawaai maak

kennisgewing: bekendmaking

apartheidsregering: regering aan bewind toe apartheid toegepas is

zoo snooze: 'n nag in die dieretuin deurbring

muskeljaatkat: 'n kleinerige, hoofsaaklik naglewende wilde katsoort

voor die hand liggende: duidelike, vanselfsprekende

George Clooney: bekende akteur en aktivis

bobbejaanbloed in die are: rats wees, goed kan klim en klouter

knipmes: sakmes

uitgekerf: uitgesny

Pre-lees

Die DBV

Wat gebeur met diere nadat hulle by die DBV afgelaai is? Dink byvoorbeeld aan:

- versorging
- die moontlikheid van 'n nuwe tuiste
- keuringsproses
- inenting, sterilisasie en mikro-ID-skyfie
- diere wat nie weer 'n tuiste vind nie
- hulp van die publiek

Enkelouerskap

- redes vir enkelouerskap
- hoe verander enkelouerskap die lewens van die kinders, sowel as dié van ouers?
- finansiële implikasies
- emosionele implikasies
- huislike omstandighede
- aanpassing by nuwe omstandighede

Opsomming

Behalwe die studente en ander nuuskieriges kom mevrou Merriman en Marnus se pa ook parkie toe. Soos te wagte, bring mevrou Merriman lekker kos en nuus oor die honde wat nou by die DBV is.

Teen die aand se kant maak die studente vuur, braai vleis en drink. Hulle sing met kitaarbegeleiding en maak 'n groot lawaai. Killer kom maak verskoning vir haar vriende se gedrag.

'n Verliefde paartjie onder die studente raak aan die stry en dit

ontstel Leila. Genadiglik kom die rolbalbaan-opsigter hulle stilmaak en maak dit duidelik dat die studente die parkie die volgende oggend moet verlaat.

Die opsigter sien almal raak moeg en gespanne. Hy gee wyse raad en sê 'n mens kan nie vir ewig aan 'n boom vasklou nie; dat dit goed is om te baklei, maar dat 'n mens ook moet weet wanneer om op te hou daarmee. Hy verwys ook na sy broer wat dood is as gevolg van die feit dat hy nie kon laat gaan nie en dat hy nie sy lewe kon hervat ná die gedwonge verhuising nie. Sy broer het nie geweet wanneer hy moes ophou baklei teen die onafwendbare nie.

In die middel van die nag word Marnus wakker en sien hoe Leila haar ma toemaak met die kombes en daarna haar hare streel. Leila roep Marnus fluisterend nader en hy neem sy kans waar om die onvermydelike vraag te vra: "Hoekom doen jy dit regtig?" Marnus wil ook weet waarom Leila die witkaree gekies het om in te sit en nie een van die ander bome in die parkie nie. In reaksie op sy vrae hoor Marnus meer van Leila se pa en ma en hul geskiedenis met die boom, asook van hul egskeiding.

Post-lees: Vrae

1. Waarom, dink jy, het mevrou Merriman nie veel te sê oor die groepie studente nie? (1)
2. Wat bedoel Killer as sy sê dit was seerder vir haar ouers as vir haar toe sy die ringetjies in haar neus laat sit het? (1)
3. Kies die antwoord wat die volgende sin die beste sal voltooi: Die stryery tussen die twee verliefde studente het Leila (1)
A ontset.
B ontstem.
C ontstel.
D ontstig.
4. Die studente beweer hulle wil bome bewaar, maar tree teenstrydig op. Watter teenstrydigheid is daar? (1)
5. Die studente se vuurmakery dra by tot Marnus se bewuswording van natuurbewaring. Stem jy saam met bogenoemde stelling? Motiveer jou antwoord. (1)
6. "'n Mens kan nie vir ewig aan 'n boom bly vasklou nie. Nie eens 'n goeie boom soos hierdie nie." (bl. 88)

- 6.1 Wie is hier aan die woord? (1)
 6.2 Wat gee aanleiding tot hierdie uitspraak? (1)
 6.3 Waarna verwys “’n goeie boom”? (1)
 6.4 Wat word nou van Marnus en Leila verwag? (1)
7. Voltooi die volgende vergelyking deur telkens die ontbrekende woord in te vul:
 Net soos Marnus en Leila in die witkaree sit om te verhoed dat dit afgekap word, so het oom John se broer voor die 7.1. ... gaan lê om te verhoed dat hul huis 7.2. ... word. (2)
8. Watter besluit het die lewe van die opsigter se broer negatief beïnvloed? (1)
9. Dink jy die Distrik Ses-gebeure het bygedra tot oom John se karaktervorming? Motiveer jou antwoord.
10. Het oom John se storie ’n impak op Marnus gehad? Motiveer jou antwoord. (1)
11. Al praat Leila en haar ma nie baie met mekaar nie, is dit tog duidelik dat hulle omgee vir mekaar. Hoe bewys Leila dit in hoofstuk 13? (1)
12. Met wie assosieer Leila die witkaree? (1)
13. Noem twee aangename herinneringe wat Leila aan die witkaree het. (2)
14. Gee ’n antwoord namens Leila op Marnus se vraag waarom sy nou eintlik in die witkaree kom sit het. (2)
15. Watter 15.1. letterlike en
 15.2. figuurlike betekenis het die titel “Die hart van ’n boom”? (2)
16. Leila se pa het altyd sy drie dinge in die eilandspeletjie gebruik om “planne te maak sodat hy kon terugkom huis toe”.
 Wat is ironies daaromtrent? (1)
17. Watter mooi herinnering het jy van jou kleintyd? (1)

Verryking

Opstel

In sy gedig “Kruispad” sê Willie Adams:
 “Met die koms
 van Groepsgebiede,
 die verwoesting van Distrik Ses
 die oprigting van Khayelitsha
 is ontworteling vervolmaak.”

Skryf ’n opstel oor ontworteling waarin jy die oorsake en gevolge daarvan bespreek. Jy kan na die gebeure in bogenoemde aanhaling of enige ander soortgelyke ontworteling verwys. Dink byvoorbeeld aan die duisende mense wat uit hul lande van herkoms na ander lande vlug, as gevolg van redes soos oorlog, vervolging, hongersnood, armoede en natuurrampe (sosiale, ekonomiese, politieke en omgewingsfaktore). Kies self ’n opskrif vir jou opstel.

Skryf ’n **dialog** tussen oom John se broer en een van sy maats oor die nuus dat hulle gedwing gaan word om te verhuis. Rolspel dit daarna in die klas.

HOOFSTUK 14:

Boomkinders (bl. 96-100)

en

HOOFSTUK 15:

Verhoogvrees (bl. 101-107)

Woordelys

beroerd: ellendig

waardering: erkentlikheid, dankbaarheid

slaapsakruspes: mense in slaapsakke, wat soos ruspes lyk

uit die bloute: meteens, skielik

pretbederwer: iemand wat ander se genot wegneem

uitkring: soos in kringe al verder beweeg

groen soldate: voorstanders van natuurbewaring

stootwaentjies: babawaentjies

kroos: kinders in ’n gesin

verhoogvrees: vrees om op ’n verhoog voor ’n gehoor te verskyn

borg: finansiële ondersteun

herwinde materiaal: materiaal wat weer bruikbaar gemaak is

’n oorval: ’n aanval van ontsteltenis

preserveermiddels: bewaringsmiddels (teen bederf)

kunsmatige geurmiddels: nageemaakte smaakmiddels
besorg wees: bekommerd wees

Pre-lees

Byname

- Het jy 'n bynaam? Vertel wat dit is, hoe jy daaraan gekom het en of dit jou pla.
- Hoe kom mense gewoonlik aan hul byname? Dink aan faktore soos voorkoms, gewoontes en dinge wat hulle doen, blyplekke, ensovoorts.
- Watter eienaardige byname het jy al teëgekom?

Borgskappe

- Wie word gewoonlik geborg?
- Waarom word dié spesifieke individue/groepe geborg?
- Wie staan borgskappe toe en waarom doen hulle dit?
- Is daar individue/sportspanne in jou skool wat borgskappe het? Vertel wie geborg word, deur wie en waarom.

Sosiale media

Bespreek die voor- en nadele van sosiale media.

Opsomming

Vroeg die vierde dag in die parkie dink Marnus aan sy gesprek met Leila gedurende die nag. Dit laat hom dink aan sy eie ouers en die dinge waaroor hulle verskil.

Die studente is weg, behalwe Killer en twee ander. Almal kry weer die gebruiklike koppie koffie van die opsigter. Hy bring ook weer die koerant; hierdie keer met 'n hoofartikel oor die “boomkinders se protes” wat uitkring en 'n foto van die betogende studente daaronder.

As gevolg van die verspreiding van die nuus op sosiale media daag baie mense by die parkie op. Hulle word deur Killer van plakkaat voorsien en slagspreuke word geroep.

Marnus besef daar is baie starende oë in die parkie en gaan badkamer toe om homself bietjie op te knap. Hy loop hom vas in Dimitri Giorgiou, wat hom summier een van sy “groen” produkte aanbied: 'n koeldrank genaamd Nature's Gift. Dimitri bied ook aan om Marnus en Leila te borg.

Post-lees: Vrae

1. Haal vier opeenvolgende woorde op bl. 96 aan wat daarop dui dat Marnus se nagtelike gesprek met Leila vir hom onwerklik voel. (1)
2. Watter bewys het Marnus dat die gesprek wel plaasgevind het? (1)
3. Marnus se pa is in 'n finansiële verknorsing. Watter bewys het Marnus daarvoor? (1)
4. Watter teenstrydigheid is daar in Killer se bynaam en haar regte naam? (1)
5. “Boomkinders se protes kring uit” lui die koerantopskrif.
 - 5.1 Wie is die boomkinders? (1)
 - 5.2 Wat het die protes laat uitkring? (1)
 - 5.3 Watter bewys is daar dat die protes uitgekring het? (1)
6. Is Marnus se vergelyking van die boom met 'n verhoog geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)
7. Wanneer daar weer 'n foto geneem word, lyk dit asof Marnus meer selfvertroue het. Waaruit blyk dit? (1)
8. Sê hoe 8.1. Donovan en 8.2. Dimitri Giorgiou onderskeidelik die situasie by die boom uitbuit vir eie gewin. (2)
9. Hoe vlei Dimitri vir Marnus? (1)

Verryking

Stel 'n lys van tien **wenke** op om jou huis/skool ekovriendelik (groen) te maak.

Daar het onlangs 'n berig in jou plaaslike koerant verskyn waarin die burgemeester ingelig word en kommer uitgespreek word oor die probleem van massas plastiekbottels in die stad se vullishouers. Skryf tien **wenke** neer oor hoe die probleem verlig/opgelos kan word.

HOOFSTUK 16:

Hardloop (bl. 108-111)

en

HOOFSTUK 17:

Anders én dieselfde (bl. 112-116)

Woordelys

amptelike: offisiële

pamflette: kort publikasies, vlugskrifte

banier: vaandel met leuse en versiersels

nerf-af: velaf

logo: embleem

koponderstebo: moedeloos, kleinmoedig

almal se oë brand op jou: almal hou jou stip dop

hardegat: astringent

lammie: vuishou op die skouer

wonder bo wonder: byna ongelooflik

global warming: aardverwarming

Kersverkope: verkope van handelware tydens die Kersseisoen

tydmasjien: masjien waarin jy in tyd vorentoe of terug kan reis

Pre-lees

Ouers se drome vir hul kinders

- Hoekom koester ouers soms sekere drome vir hul kinders, soos om in 'n spesifieke sportsoort of kunsvorm uit te blink of om 'n sekere beroep te volg?
- Is dit regverdig teenoor die kinders?
- Voldoen kinders altyd aan hul ouers se wense? Gee redes vir jou antwoord.
- Het jou ouers dalk ideale vir jou? Sê wat dit is en waarom juis daardie ideaal? Sê ook hoe jy daarvoor voel.

Opsomming

Marnus kom terug van die rolbalbaan se kleedkamer en wil vir Leila die goeie nuus van die borgskap vertel. Leila reageer egter nie en kyk net stip na 'n blondkopman aan die rand van die skare in die parkie – haar pa.

Intussen kom Dimitri Giorgiou 'n banier om die boom se stam vasmaak. Hy kondig trots aan dat hy voortaan die amptelike borg van die Boom in die Middel van die Heelal gaan wees.

Leila begin uitvra oor Dimitri en toe Marnus al verduidelikende een van Dimitri se T-hemde aan haar gee, bereik sy breekpunt. Sy klim uit die boom, storm tussen die skare deur en hardloop weg. Dit laat Marnus met geen ander keuse as om sy geel T-hemp uit te trek en huis toe te stap nie.

Terug by die huis gaan alles nog maar op dieselfde trant voort, behalwe dat Marnus homself nou laat geld en dat Donovan belangstelling toon in sy broer se wel en wee. Marnus se gedagtes bly nog aanhoudend terugkeer na die gebeure van die afgelope paar dae in die parkie.

Post-lees: Vrae

1. Aan die einde van hoofstuk 15 het Dimitri vir Marnus gesê hy het 'n voorstel. Wat was die voorstel? (1)
2. Dink jy Dimitri is eerlik in sy bedoelings? Motiveer jou antwoord. (1)
3. Waarom kwyn Leila se belangstelling in die gebeure rondom haar? (1)
4. Waarom, dink jy, klim Leila uit die boom en hardloop verwilderd weg? (1)
5. Dink jy Leila voel verraai deur Marnus? Motiveer jou antwoord. (1)
6. Neem jy Leila kwalik dat sy haar protesaksie beëindig het? Motiveer jou antwoord. (1)
7. Dink jy Leila is Marnus 'n verduideliking verskuldig? Motiveer jou antwoord. (1)
8. Leila hardloop weg toe sy breekpunt bereik. Wat doen jy gewoonlik wanneer dinge vir jou te veel word? (1)
9. Hoe weet jy Marnus is nie meer bang vir Donovan nie? (1)
10. Wat is 'n groensoldaat? (1)

11. Marnus kom tot nuwe insigte tydens sy sitty in die boom. Wie bring hom tot hierdie insigte?

Pas die name in kolom A by die inligting in kolom B. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Kolom A	Kolom B
11.1 Mevrou Merriman maak Marnus bewus van ...	A die onregte van die verlede en dat 'n mens nie vir altyd wrokke daaroor in jou hart moet dra nie.
11.2 Leila maak Marnus bewus van ...	B die uitbuiting van die publiek deur sakelui.
11.3 Killer/Joy maak Marnus bewus van ...	C die bewaring van bome.
11.4 Oom John maak Marnus bewus van ...	D ouers se leed oor en liefde vir hul kinders.
11.5 Dimitri Giorgiou maak Marnus bewus van ...	E die verskil tussen mense se uiterlike en hul innerlike.

(5)

Verryking

Maak Leila se **dagboekinskrywing** vir die dag toe sy uit die boom geklim en weggehardloop het. Verstrek die rede vir die skielike beëindiging van die protesaksie en die gevoelens wat daarmee gepaard gegaan het.

E-pos

Leila besluit om haar pa te kontak nadat sy hom in die parkie gewaar het. Skryf die e-pos wat sy aan haar pa stuur.

HOOFSTUK 18:

'n Onsigbare Boom (bl. 117-122)

en

HOOFSTUK 19:

Groen Blare (bl. 123-126)

Woordelys

histeries: paniekbevange

'n traan stort oor: huil oor

duiselig: lighoofdig, deurmekaar

geldwolf: gierigaard

allergies: oorgevoelig

besiel: inspireer, aanvuur

'n ogie hou oor: iemand/iets oppas

handuit ruk: buite beheer raak

speurverhaal: misdaadstorie

tips: wenke

verwyt: kwalik neem

see-ouma: ouma wat by die see woon

kwekery: plek waar plante gekweek en verkoop word

Pre-lees

'n Nuwe lewensuitkyk

- Het iets al met jou of iemand wat jy ken gebeur wat jou/hom/haar tot heel nuwe insigte gebring het en lewensveranderend was?
- Hoe het jy/hy/sy vantevore opgetree?
- Watter insident het die verandering meegebring?
- Wat was die resultaat (nuwe lewensuitkyk)?

Opsomming

Marnus voel hom genoep om terug te gaan parkie toe. Hy weet wat om te verwag, maar dit is nogtans 'n skok om te sien dat daar net 'n

stomp van die witkaree oorgebly het. Oom John sien Marnus daar en gaan na hom toe. Hy herinner Marnus daaraan dat niks vir ewig is nie, ook nie die boom nie. Die belangrikste volgens hom is dat Marnus en Leila gesorg het dat die boom ráákgesien is. Dit laat Marnus dadelik dink aan die dinge wat mense alles doen om raakgesien te word.

In sy verbeelding laat Marnus die boom herleef. Dit word 'n onsigbare boom met stewige takke waarin dogtertjies kan leer boomklim en voëls kan sit en kwetter. Daar sal selfs 'n hart op die stam uitgekerf wees, met twee letters daarin.

Die opsigter vertel nou ook vir Marnus van sy ma se bekommernis oor hom en dat sy hom (die opsigter) gevra het om 'n ogie oor Marnus en Leila te hou.

Marnus word ook ingelig van mevrou Merriman se beplande Kersete vir haar en oom John.

Marnus gaan soek Leila op. Hy het 'n gepaste Kersgeskenk vir haar: 'n klein witkareeboompie. By Leila se huis aangekom, kry Marnus haar besig om te pak vir 'n seevakansie en daarna 'n besoek aan haar pa, stiefma en stiefboetie.

Vir Marnus het Leila ook 'n geskenk: 'n onverwagte soentjie wat vele beloftes inhou.

Post-lees: Vrae

1. Watter emosie ervaar Marnus wanneer hy die afgekapte boom se stomp sien? (1)
2. Hoe probeer Marnus sy gevoelens oor die boom onder beheer bring? (1)
3. Watter belangrike funksie het Marnus en Leila vervul ten opsigte van die boom? (1)
4. Uit watter positiewe ervaring weet Marnus dat dit goed is om erkenning te kry? (1)
5. Wat doen Leila om raakgesien te word? (1)
6. Het Marnus se ma hom daar in die boom raakgesien/vir hom omgee? Motiveer jou antwoord. (1)
7. Wat is die funksie van die beletselteken (stippels) in die volgende sin?
“Dalk kan ek my verbeel die boom het net onsigbaar geword ...”
8. Voltooi bogenoemde sin in jou eie woorde. (1)

9. Hoe gebruik Marnus sy verbeelding om die boom te laat herleef? (2)
10. 10.1 Hoe pas die titel “Groen blare” by die vorige hoofstuk? (1)
10.2 Watter ander groen blare kom ons nog in dié hoofstuk teë? (1)
11. Dink jy Marnus se Kersgeskenk aan Leila is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)
12. Die groen blare kan ook dui op 'n nuwe begin. Watter vooruitsigte is daar vir:
12.1 Leila? (1)
12.2 Marnus? (1)
12.3 Oom John/die opsigter? (1)
13. “Asof daar enige oomblik blare en bloeisels uit my lyf te voorskyn gaan kom.”
13.1 Waarmee vergelyk Marnus homself? (1)
13.2 Is dit 'n gepaste vergelyking? Motiveer jou antwoord. (1)
13.3 Wat is die figuurlike betekenis van bogenoemde aanhaling? (1)

Verryking

Skryf vyf **wenke** neer vir iemand wat onsigbaar voel om hom/haar te help om raakgesien te word en erkenning te kry.

Skryf 'n **naamdig** met enige een van die karakters se name.

Voorbeeld: *Theresa Merriman*

Tannie altyd in pienk getooi

Hare, klere en poedels, alte mooi;

Eksentriek, maar tog vol deernis en omgee;

Red sy weggooi-diere en help die DBV.

Eensaam en hartseer oor 'n verlore seun,

Sien sy nog kans om ander te steun.

Als te veel, kan blokraaie troos verleen.

4. Literêre aspekte

Die verteller

'n *Goeie dag vir boomklim* word vertel vanuit die perspektief van die hoofkarakter. Daar is dus 'n **eerstepersoonsverteller** of ek-verteller aan die woord. Hierdie perspektief gee aan die verhaal 'n subjektiewe, persoonlike en intieme karakter.

Ruimte

Die leser maak kennis met drie verskillende **ruimtes** wat vir die duur van die verhaal vir die hoofkarakter van belang is: Marnus se huis, die plaaslike parkie en die witkareeboom in die parkie.

Die grootste gedeelte van die verhaal speel af in die parkie met die witkaree as fokuspunt. Vanuit hul kleiner en beperkte ruimte bo in die witkaree slaan Marnus en Leila die gebeure daar onder gade. Hulle beset die boom vir 'n paar dae en nagte met die doel om dit te red van die munisipaliteitswerkers se kettingsae.

Die witkaree en die parkie word vir Marnus positiewe ruimtes waarin hy kennis maak met verskeie kleurrike karakters, wat op hul beurt vir hom perspektief op sy eie lewe bied. Die ruimte van Marnus se huis hou egter vir hom negatiewe konnotasies in, veral vanweë sy status as die middelmannetjie van drie broers.

Vir Leila is die ruimte van die parkie simbool van haar vroeë lewe, van geborgenheid, van magiese belewenisse en kinderlike geluk.

Tyd

Die verhaal speel af in die Desembervakansie, etlike dae vóór Kersfees. Dit is 'n tyd waarna tieners gewoonlik baie uitsien en word dikwels ook vereenselwig met pret en vakansieromanses.

Marnus en sy gesin gaan hierdie vakansie egter nie soos gewoonlik see toe nie omdat hulle die komende Junievakansie vir drie weke lank Wildtuin toe gaan. Aanvanklik sien Marnus dié Desembervakansie as "die goorste ooit". Gaandeweg verander dit egter in 'n lewensveranderende avontuur.

Vrae oor die verteller, ruimte en tyd

1. Is Marnus 'n geloofwaardige verteller? Kan die leser met hom identifiseer, pas sy handeling, dialoog en gedagtes by dié van 'n dertienjarige seun? Motiveer jou antwoord.
2. Waarom kan Marnus die ruimte van sy huis as negatief ervaar? Verwys na Marnus se verhouding met sy broers en ouers en sy ouers se verhouding met mekaar.
3. Is die gebeure in die verhaal chronologies uiteengesit? Motiveer jou antwoord.
4. Kies die woord wat die volgende stelling korrek sal voltooi:
Daar word gebruik gemaak van ... om die leser insae te gee in die karakters se verlede.
A terugflitse
B teruggawes
C terugkaatsings
D terugslae

Die intrige of plot

'n *Goeie dag vir boomklim* is 'n **grootword- of oorgangsverhaal** waarin die hoofkarakter emosioneel volwasse word nadat hy en 'n meisie 'n boom 'n paar dae lank beset in 'n poging om dit te red.

Die witkareeboom bly regdeur die verhaal die **fokuspunt** soos dit van een **dramatiese oomblik** tot die volgende deur 'n verskeidenheid kleurvolle en interessante karakters in die kalklig geplaas word. En saam met die boom tree ook Marnus en Leila op die voorgrond.

Bo in die boom betree Marnus en Leila mekaar se leefwêreld deur gesprekke, speletjies en die optrede en uitlatings van gesinslede wat daar opdaag om te ondersteun of te dreig.

Die spanning neem geleidelik toe soos die **intrige** van oomblik na oomblik **dinamies ontwikkel en verander**; van 'n onskuldige versoek om 'n petisie te teken tot 'n volbloed-protaksie wat 'n skare mense lok en 'n gegons op sosiale media laat losbrand. En tussendeur is daar die hartseer, dog inspirerende verhale van mense wat net soos Marnus en Leila raakgesien wil word.

Die **spanning** bereik 'n hoogtepunt wanneer Leila sonder enige waarskuwing uit die boom klim, tussen die skare deurstorm en weghardloop. So kom die protaksie skielik tot 'n einde.

Die **afloop** volg amper as 'n **antiklimaks** nadat die "twee jong groensoldate" hul pos holderstebolder verlaat het. Marnus loop

koponderstebo huis toe waar hy besef dat alles nog maar net dieselfde is. Tog besef hy dat dit ook anders is. Die verandering het by Marnus self begin en kring uit na sy gesinslede.

Marnus weet dat die boom afgesaag sou word, maar ervaar nogtans 'n skok wanneer hy teruggaan parkie toe en die stuk stomp sien wat oorgebly het. Saam met Marnus kry die leser 'n knop in die keel. Marnus het egter geleer om bome raak te sien en laat die boom wondermooi vir homself en die leser in sy gedagtes herleef. Daarmee saam kom al die beloftes van nuwe lewe en groei.

Die verhaal se **slot** sluit aan by die begin met die gee van 'n klein witkareeboompie as 'n geskenk aan Leila. As Marnus homself reg aan die einde met 'n boom vereenselwig, is die **kringloop** voltooi.

Vrae oor die intrige

1. Waar is die aanvangsmoment van die verhaal?
2. Watter element/gegewe staan sentraal tot die spanning in die verhaal?
3. Daar word gebruik gemaak van 'n uitsteltegniek met die afsaag van die boom.
Noem twee voorbeelde van insidente wat die afsaag vertraag.
Watter effek het dié tegniek?
4. Die verhaal begin met 'n boom wat afgesaag moet word en eindig met 'n plaasvervanger vir daardie boom.
 - Hoe lyk die plaasvervangende boom?
 - Wat is die doel van die plaasvervangende boom?
 - Kies die woord wat die volgende stelling die beste sal voltooi:
Die idee om met 'n boom te begin en te eindig, gee ... aan die verhaal:
A afbakening
B afdoening
C afkamping
D afronding
5. Noem twee voorbeelde van wisselende **stemming** in die verhaal, byvoorbeeld opgewek, ernstig, neerslagtig, bewoë, opruiend. Sê ook hoe, deur wie en waar dit teweeg gebring is.

Karakterisering

Marnus is naas die verteller ook die **hoofkarakter** en **protagonis** (saam met Leila). Marnus se gesin, veral sy broers tree aanvanklik

op as **antagoniste**. Marnus en Leila vorm 'n gedugte span wat teen die munisipaliteit te staan kom, met Rooigesig en Rotgesig as sy onversetlike en amptelike verteenwoordigers. Die onverbiddelikheid in beide kampe sorg vir heelwat **uiterlike konflik** in die verhaal.

Naas die protagoniste en die antagoniste maak die leser ook kennis met verskeie ander karakters wat hul steun aan die twee kinders kom bied. Dit is veral Theresa Merriman en John Carelse (die opsigter van die rolbalbaan) wat met hul hartseer verhale, hul medemenslikheid, hul groot harte en wysheid bydra tot die vorming van Marnus se karakter en die insigte waartoe hy kom.

Marnus is aanvanklik passief en laat toe dat hy tuis geboelie, gedomineer en uitgebuit word deur sy twee broers. Ook sy ouers gee nie erkenning aan hom nie en so word hy genoep om maar net die middelmannetjie te word en te bly. Dit is juis dié wete wat hom impulsief laat optree om binne 'n oogwink saam met Leila 'n witkareeboom in die nabygeleë parkie te beset. Met 'n veilige afstand tussen hom en sy gesin neem hy sy eie besluit en eerste tree na selfgelding: Hy sal saam met Leila in die boom bly sit; háár eerder bystaan as om aan sy ouers se versoeke toe te gee. Daar bo in die boom kry hy ook tyd om te dink en te luister na ander se wysheid, menings en ervarings. Geleidelik kry hy helderheid oor dit wat hom, Leila, sy gesinslede, mevrou Merriman, die opsigter en Killer saambind: 'n intense verlange om ráákgesien te word, om erkenning te kry van diegene naaste aan hulle.

Al die nuwe, opbouende insigte waartoe Marnus gekom het, gee hom 'n nuwe uitkyk op die lewe en laat hom as karakter groei. Hy het onder andere geleer om homself te laat geld, om selfversekerd te wees en nie goedsmoeds te oordeel of te onderskat nie: Die tannie wat gereeld geld vir die DBV insamel, kan agter haar pienk fasade ook diepe hartseer, deernis en besorgdheid verberg. 'n Opsigter van 'n rolbalbaan kan nie net sy domein met 'n Lego-hand regeer nie, maar kan ook 'n roerende verlede hê waaruit warmte, omgee en wysheid voortspruit. (Hy kan selfs in engele glo!) En Marnus leer ook dat daar wolwe is wat in skaapsklere rondloop. Marnus is 'n **ronde karakter** wat van 'n onderdanige, gedweë middelkind groei tot 'n selfversekerde en selfgeldende jong seun wat die lewe met sy lief en sy leed vierkantig in die oë kan kyk. Hy het selfs die waagmoed om sy "boomgenoot" te gaan opsoek en die tekens van 'n eerste liefde te ervaar.

Vrae oor karakterisering

1. Karakterisering vind onder andere deur naamgewing plaas. Noem drie voorbeelde daarvan uit die verhaal.
2. Kies enige karakter in die verhaal om te illustreer hoe sy/haar karaktereienskappe openbaar word deur wat hy/sy **sê, doen en dink**.
3. Marnus is 'n fyn waarnemer en gee lewendige beskrywings van die ander karakters se uiterlike/voorkoms. Kies enige twee karakters en sê hoe Marnus hulle sien.
4. Dink jy Donovan word gesteriotipeer as 'n spiertier? Motiveer jou antwoord.
5. Beskryf Leila se innerlike konflik.
6. Gee 'n voorbeeld van uiterlike konflik tussen twee karakters.
7. Hoekom kan meneer Venter/Roogesig gesien word as antagonis?

Tema

Die hooftema van die verhaal is erkenning, die basiese behoefte om raakgesien te word. Hierdie tema bind die karakters saam; selfs die witkareeboom vorm deel daarvan: “Jy en Leila het gesorg dat die boom ráakgesien word.” (bl. 118)

Marnus identifiseer en verwoord sy behoefte aan erkenning verskeie kere:

- “As ek by my broers is, is ek altyd die laaste een wat enige iemand raaksien.” (bl.14)
- “Maak nie saak wat gebeur nie, ek verdwyn altyd iewers tussen my twee broers. Altyd iewers in die middel waar niemand my raaksien nie.” (bl. 19)
- “Niemand by die huis sien my ooit raak nie.” (bl. 47)
- “Die Caretaker is reg, dis lekker om raakgesien te word.” (bl. 120)
- “Partykeer het 'n mens nodig om raakgesien te word. Al is dit deur jou eie pa.” (bl. 121)

Marnus het nou die antwoord gekry op die vraag wat hom die hele tyd gekwel het: “Hoekom doen jy dit régtig? Hoekom hiérdie boom?” Leila mis haar pa en hoop om weer raakgesien te word op die plek waar haar pa haar in haar kleintyd gekoester het. Daarom het sy die petisie begin. Ook al die ander karakters se wens om raakgesien te word, word vir Marnus duidelik.

Daar word ook 'n groot verskeidenheid sub-temas aangeraak, onder andere: ouer-kind-verhoudings, sibbeverhoudings, natuurbe-

waring, dierebeskerming, egskedding, tienerangs, eerste liefde, apartheid, dwelmverslawing, uitbuiting/valsheid, protesaksies en die dood.

Die verhaal wil ook verskeie **boodskappe** oordra, byvoorbeeld dat daar ruimte moet wees in die gesin vir elke kind om op sy eie manier te ontwikkel, dat ouers nie hul drome deur hul kinders moet probeer verwesenlik nie, dat ouers tyd moet maak in hul besige lewens vir hul kinders en elkeen op eie meriete erkenning moet gee. Kinders moet leer om ouer en ander mense nie op hul baadjie te takseer nie; om met oop oë en ore deur die lewe te gaan sodat hulle wyser kan word.

Ondersoek self die boodskappe oor natuurbewaring, die omsien na diere en wat ons land se politieke verlede ons leer.

5. Antwoorde

Hoofstuk 1

1. D woede (1)
2. Ja, Donovan het provinsiale kleure in swem. (1)
3. Donovan hiet en gebied sy jonger broer Marnus. Hy beveel hom byvoorbeeld om die deurklokkie te antwoord. (1)
Donovan knou Marnus ook af deur hom seer te maak, byvoorbeeld die gee van “wedgies” en lammies.
4. 4.1. Na Marnus en Adrian. (1)
4.2. Adrian gee vir Marnus sakgeld en dus moet Marnus, die ouer broer, na die pype van sy jonger broer dans. (1)
5. 5.1. Adrian is uit sy kleuterskool geskors. (1)
5.2. Donovan het sy skoolwerk verwaarloos en graad nege net-net deurgeskuur. (1)
6. Adrian leer groot woorde, soos “voetstoots” by sy ma. (1)
By sy pa leer Adrian van koop en verkoop en entrepreneurskap. (1)
7. 7.1. 'n Metafoer. (1)
7.2. Daar is smiddae 'n skare meisies by die skoolswembad wanneer Donovan swem oefen. (1)
Baie meisies daag op vir Donovan se soenlesse. (1)
8. “Hy het al meer meisiehartegebreek as wat Chad le Clos swemrekords gebreek het.”

9. 9.1. "Baie Belangrike Hofsaak." (1)
9.2. "van ondergang red" (1)
10. Marnus se ma het hulle geleer om nooit jou handtekening op 'n stuk papier te sit voordat jy elke enkele woord verstaan wat daarop geskryf is nie. (1)

Hoofstuk 2

1. Personifikasie. (1)
2. 'n Witkaree is bestand teen droogte. (1)
'n Witkaree groei vinnig. (1)
3. Dit is "die Boom in die Middel van die Heelal".
4. Nee, Leila heg sentimentele waarde aan daardie spesifieke boom, want sy het daarin leer boomklim. (1)
5. 5.1. Teen die munisipaliteit. (1)
5.2. Hulle (die munisipaliteit) wil die boom afsaag. (1)
6. Die inligting/nuus dat die munisipaliteit die boom nog daardie selfde dag wil afsaag. (1)
7. Eie antwoord. Ja/Nee, gevolg deur 'n sinvolle motivering. (1)
8. Marnus se broers hiet en gebied hom heeldag (1) en sy pa gee hom geen erkenning vir sy goeie skoolwerk nie. (1)

Hoofstuk 3 & 4

1. Blokkiesraaisel

		7S		8K			10W				13O
1P	Y	P	L	E	I	D	I	N	12G		P
		I		T			T		L		S
		E		T		9T		2R	O	O	I
3M	E	R	R	I	M	A	N				G
E		E		N		K		11O			
M				G				O			
O		4E	K	S	E	N	T	R	I	6E	K
I		S		A				T		K	
R		5P	I	E	N	K		R		O	
E											

(16)

2. Marnus assosieer die reuk van die boom met die reuk van sy oupa-hulle se kaggelhout. (1)
3. Wanneer jy van die persoon ontslae wil raak. (1)
4. Marnus se pa bedoel dat hy moedeloos is en eerder in 'n boom wil gaan klim. (1)
5. Aan die invloed van die swak ekonomie op sy (Marnus se pa se) besigheid/sportwinkel. (1)
6. Mevrouw Merriman se besorgdheid/deernis/omgee. (1)
7. Marnus sal in die kalklig wees; nie sy broers nie. (1)
8. Marnus is voortdurend besig om te dink aan die wettigheid al dan nie van sy optrede. (1)
9. Ja, die opsigter se bou stem ooreen met die bonkigheid van 'n Lego-mannetjie (1) en sy groot hande lyk soos die knyperhande van 'n Lego-mannetjie. (1)

Hoofstuk 5

1. Die titel verwys na 'n speletjie wat Leila-hulle in die motor gespeel het om 'n langpad om te kry. (1)
2. Marnus en Leila is as 't ware ook gestrand daar waar hulle in die boom sit. (1)
3. "n Boom soos dié behoort vir altyd te wees." (1)
4. A stootskrapers. (1)
5. Almal het baklei vir iets waarvoor hulle lief was. (1)
6. Eie antwoord. Die gevoel sal definitief negatief wees. (1)
7. Mevrouw Merriman vul blokkiesraaisels in. (1)

Hoofstuk 6 & 7

1. Uiterlik vertoon mevrou Merriman oud, swak en pienk. (1)
Innerlik besit mevrou Merriman die vermoë om mense te oorreed en taktvol op te tree. (1)
2. Mevrouw Merriman dink Marnus en Leila is dapper en sy bewonder hulle daarvoor. Sy dink ook die kinders moet 'n kans gegun word om die boom te probeer red. (2)
3. Marnus dink sy pa is nie regtig kwaad vir die spelers nie, maar vir sy finansiële probleme wat deur die sportwinkel veroorsaak word. (1)

4.

	Marnus se ma	Leila se ma
Kleredrag	Sy dra 'n gekreukelde blommetjies-romp. (1)	Sy lyk onberispelik in haar netjiese werksklere sonder kreukels. (1)
Hare	Lang, deurmekaar blonde hare. (1)	Goedversorgde hare, elke haar op sy plek. (1)
Stem	Rustige, sagte stem. (1)	Onverbiddelik, klink asof sy knor. (1)

5. Marnus herinner sy ma daaraan dat sy altyd sê 'n mens moet baklei vir wat reg is en sê dit is wat hy en Leila nou doen. (1)
6. Marnus se ma skryf sy optrede toe aan aandagsoekery. (1)
7. Marnus en sy ma is al twee hardkoppig/vasberade. (1)
8. Daar word 'n onheilspellende atmosfeer geskep; een van spanning en vrees. (1)
9. Ja, Marnus se ma jaag geharde kriminele die skrik op die lyf met haar stem. (1)
10. Eie antwoord. Beskrywing van 'n ouer se stem. (1)
11. Eie antwoord. Moet gemotiveer word. (1)

Hoofstuk 8 & 9

1. Die munisipale werker/meneer Venter/Rooigesig. (1)
2. Hy wil nie praat oor die redes waarom die witkareeboom afgesaag moet word nie. (1)
3. C (1)
4. Nee, oom John dink hy gaan eendag hemel toe, waar 'n mens heeldag lank kan speel. (1)
5. Leila se ma en Junior du Toit is eintlik daar om die kinders te ondersteun.
6. Eie antwoord; heel waarskynlik: Ja, meneer Venter doen net sy werk; hy moet sy werkgewer se opdragte uitvoer. Hy sê selfs vir Leila se ma hy is jammer oor die boom. (1)
7. Meneer Venter skryf die kinders se gedrag toe aan die feit dat die kinders van vandag nie beheerbaar is nie. (1)

8. Mevrouw Merriman sien die moontlikheid dat haar seun dalk net soos 'n weggooihond snags onder 'n bos in 'n parkie moet slaap. (1)
9. Nee, mevrouw Merriman kleur haar hare pienk en dra pienk klere om opvallend te lyk ingeval sy en haar seun mekaar op straat raakloop. (1)
10. Eie antwoord. Dit moet egter goed gemotiveer wees. (1)
11. Mevrouw Merriman sien om na ander mense en sorg veral vir hawelose diere. (1)
12. 12.1. Marnus sien nou dat die boom se blare voortdurend beweeg en van kleur verander. (1)
12.2. "stupid boom" (1)
13. Dit skep 'n gevoel van vernietiging en verlies. (1)

Hoofstuk 10 & 11

1. Marnus se ma raas nie meer nie; sy sê byna niks. (1)
Sy bring vir Marnus kos, klere en 'n kussing. (1)
2. Marnus voel trots. (1)
3. Eie antwoord. Heel waarskynlik: met natuurbewaring. (1)
4. Marnus en Leila se protes gaan oor die boom; nie oor fascisme nie. / Daar is geen fasciste nie. (1)
5. Killer se stem gee die boodskap dat sy 'n vegter is/dat sy nie sal omgee om te baklei as dit nodig is nie. (1)
6. Die stadsbeplanner. (1)
7. 7.1. Die boom se bas moet letterlik beskerm word teen vernietiging. (1)
7.2. Die boom self moet gered word; hy moet oorleef. (1)
8. Marnus bloos (word rooi in die gesig) vir sy gedagtes. (1)
9. Dit kan na 'n boom vol bloeisels verwys (1) of na 'n boom wat afgesaag is en waaruit daar sap vloei; 'n boom wat seerkry/stukkend is, soos die afgekapte soetdoring. (1)
10. Die betogende studente trek aandag; motoriste ry stadiger om te kyk wat aangaan en ander stap nader en knoop geselsies met Marnus en Leila aan. (1)
11. 11.1. Leila dink Marnus stel nie meer belang om langer te sit nie. (1)
11.2. Marnus wil nie hê Leila moet ter wille van hom in die boom sit nie. (1)
12. Die belangrikste nuus van die dag. (1)

13. 13.1. C (mevrou Merriman)
- 13.2. D (die weggooi hond)
- 13.3. E (die opsigter)
- 13.4. A (Killer)
- 13.5. B (Rooigesig) (5)

Hoofstuk 12 & 13

1. Eie antwoord, maar die waarskynlikste is dat haar swye te doen het met haar seun met wie sy nie meer kontak het nie. (1)
2. Killer bedoel haar ouers se gevoelens is seergemaak; hulle wil nie hê hul dogter moet haar liggaam ontsier met deurborings (gaatjies) nie. (1)
3. C ontstel (1)
4. Deur hul vuurmakery kan die studente die bome laat afbrand (in plaas van bewaar). (1)
5. Ja, Marnus wonder skielik watter soort boom afgekap is vir die vuurmaakhout. (1)
6. 6.1. Die opsigter, oom John. (1)
- 6.2. Leila se ma wat te kenne gee sy het genoeg gehad van die kinders se boomsittery; sy wens sy kan net huis toe gaan. (1)
- 6.3. Die witkareeboom. Ook dinge wat vir ons so kosbaar en belangrik is dat ons daarvoor sal baklei. (1)
- 6.4. Daar word verwag dat Marnus en Leila dit sal oorweeg om hul protesaksie te staak. (1)
7. 7.1. stootskrapers (1)
- 7.2. gesloop/platgestoot (1)
8. Sy besluit om aan te hou baklei. (1)
9. Eie antwoord. Heel waarskynlik: Ja, dit het bygedra tot oom John se wysheid en het van hom 'n mens met deernis en begrip vir sy medemens gemaak. (1)
10. Ja, die storie het Marnus se ore laat suis, soos nadat die munisipale werkers hul kettingsae afgeskakel het. (1)
11. Sy maak haar ma toe met die kombes in die middel van die nag en sy streef haar ma se hare saggies. (1)
12. Leila assosieer die boom met haar pa. (1)
13. Enige twee van die volgende:
Leila se pa het haar in daardie boom leer boomklim.
Haar pa het bo in die boom vir haar stories vertel.
Haar pa het bo in die boom vir haar die sterre gewys. (2)

14. "Ek mis my pa." / "Ek wil hê my pa moet my raaksien, hier waar hy altyd sy liefde vir my gewys het." (1)
15. 15.1. Letterlik: Die uitgekerfde hart in die boomstam, met die voorletters van Leila se ma en pa daarin. (1)
- 15.2. Figuurlik: Die geheime wat die boom as't ware in sy hart dra. (1)
16. Leila se pa het haar en haar ma verlaat en nooit weer teruggekom huis toe nie. (1)
17. Eie antwoord. (1)

Hoofstuk 14 & 15

1. "voel soos 'n droom" (1)
2. Marnus sien die uitgekerfde hart, waarvan Leila hom vertel het, in die boomstam. (1)
3. Marnus se pa het geld by sy kleinboetie, Adrian, geleen. (1)
4. Killer se bynaam roep 'n beeld van gewelddadigheid op en haar regte naam, Joy, veronderstel vreugde. (1)
5. 5.1. Marnus en Leila. (1)
- 5.2. Die sosiale media wat gons oor Marnus en Leila se poging om die boom te red. (1)
- 5.3. Mense stroom na die parkie toe om aan die protes deel te neem. (1)
6. Ja, Marnus en Leila sit bo in die boom met die skare mense onder. Dit is soos toneelspelers op 'n verhoog met die toeskouers wat van onder af na hulle kyk. (1)
7. Marnus swaai nou sy vuus in die lug, net soos die betogende studente. Hy dink ook die foto gaan goed lyk. (1)
8. 8.1. Donovan bring 'n meisie saam parkie toe en wil haar beïndruk met sy broer wat nou baie aandag trek. (1)
- 8.2. Dimitri bied aan om Marnus-hulle se borg te wees en ook dié van die boom. In die proses stel hy sy nuwe produkte bekend. (1)
9. Dimitri sê hy dink dit wat Marnus en Leila doen is fantasties, want min mense is bereid om groen-kwessies aan te spreek. (1)

Hoofstuk 16 & 17

1. Dimitri se voorstel is dat hy die amptelike borg van die Boom in die Middel van die Heelal gaan wees. (1)

2. Eie antwoord. Daar moet egter ooreenstemming tussen die antwoord en die motivering wees. Moontlike antwoorde:
Nee, Dimitri buit die situasie uit om sy produkte bekend te stel en geld te maak.
OF
Ja, Dimitri is bewus van groen-kwessies, soos aardverwarming, besoedeling en die verdwyning van woude. (1)
3. Leila se aandag is gevestig op haar pa, wat aan die rand van die skare verskyn het. (1)
4. Eie antwoord. Dit moet egter op ontsteltenis dui. (1)
5. Eie antwoord. Heel waarskynlik: Ja, Marnus het vertroulike inligting, soos haar benaming vir die boom, aan 'n wildvreemde man toevertrou. (1)
6. Eie antwoord. Antwoord en motivering moet egter verband hou met mekaar. (1)
7. Eie antwoord. Dit moet egter goed gemotiveer wees. (1)
8. Eie antwoord. Geen motivering is nodig nie. (1)
9. Marnus weier om vir Donovan koffie te maak. (1)
10. Dit is iemand wat hom/haar daarvoor beywer om die aarde te beskerm. (1)
11. 11.1. D (ouers se leed oor en liefde vir hul kinders). (1)
11.2. C (die bewaring van bome). (1)
11.3. E (die verskille tussen mense se uiterlike en hul innerlike) (1)
11.4. A (die onregte van die verlede en dat 'n mens nie vir altyd wrokke daaroor in jou hart moet dra nie). (1)
11.5. B (die uitbuiting van die publiek deur sakelui). (1)

Hoofstuk 18 & 19

1. Marnus ervaar intense hartseer wat 'n brandpyn in sy bors veroorsaak. (1)
2. Marnus probeer homself wysmaak dat dit net 'n "simpel boom" was. (1)
3. Marnus en Leila het gesorg dat die boom raakgesien is. (1)
4. 'n Onderwyser het Marnus se skryftalent raakgesien en hom geprys oor sy mooi opstelle. (1)
5. Leila begin 'n petisie/protesaksie om 'n spesifieke boom te red en gaan sit in die boom met die hoop dat haar pa haar sal raaksien. (1)
6. Ja, Marnus se ma het die eerste aand van die boomsittery al vir die rolbalbaanopsigter gevra om 'n ogie oor haar seun te hou. (1)

7. Die beletseltteken dui aan dat die gedagte onvoltooid is. (1)
8. ... en dat hy (die boom) eintlik nog net soos vantevore daar staan. (1)
Enige soortgelyke antwoord.
9. Marnus sien in sy verbeelding hoe die boom weer uit die afgesaagde stomp groei en bring hom tot sy vroeëre glorie terug, met sy skurwe stam en stewige takke. Hy laat die blare weer uitbars en bring die kwetterende voëls en die uitgekerfde hart terug. (2)
10. 10.1. Die groen blare herinner aan die boom wat Marnus in sy verbeelding opgeroep het. (1)
10.2. Die groen blare van die klein witkareeboompie wat Marnus as Kersgeskenk vir Leila gee. (1)
11. Eie antwoord. Dit sal sekerlik "Ja" wees. Dit moet van 'n gepaste motivering voorsien wees. (1)
12. 12.1. Leila gaan haar verhouding met haar pa hervat en 'n verhouding met haar stiefma en -broer begin. (1)
12.2. Marnus sal homself kan handhaaf in sy gesin en sal sorg dat hy raakgesien word. Dan is daar nog die moontlikheid van 'n verhouding met Leila.
12.3. Oom John en mevrou Merriman sal ná hul Kersdagete heel waarskynlik 'n verhouding aanknoop. (1)
13. 13.1. Marnus vergelyk homself met 'n boom. (1)
13.2. Eie antwoord. Beslis "Ja" met 'n paslike motivering. (1)
13.3. Marnus het as mens gegroei, amper tot volle wasdom gekom. (1)